

# Riglyne vir risikobeskerming

*Saamgestel deur Liberty Groep-Adviesdienste*

## Na gelang van jou ouderdom en behoeftes, behoort jou risikodekking aangepas te word

Wanneer jy risikobeskerming uitneem, moet jy verstaan wat jou grootste risiko's is:

- Het jy genoeg spaargeld indien jy nie kan werk nie?
- Het jy afhanklikes?
- Sal jou erfgename boedelbelasting moet betaal?

Vir 'n 25-jarige sal die finansiële uitwerking van ongeskiktheid en die gevolglike onvermoë om vir die res van sy of haar lewe te kan werk, waarskynlik beduidend groter wees as vir 'n 60-jarige wat ongeskik raak om te werk. 'n Jonger persoon het miskien nie afhanklikes vir wie om voorsiening te maak in geval van dood nie, maar vir 'n 40-jarige broodwinner is die voorsiening vir sy of haar gesin se toekoms, indien hy of sy sou sterf, 'n prioriteit.

Die onderstaande tabel bied 'n duideliker beeld van hoe die verskillende soorte risikobeskerming (versekering) in jou langtermyn finansiële plan behoort te pas.:

| Ouderdom | Lewensdekking | Ongeskiktheidsdekking | Inkomstebeskerming | Gevreesde siekte |
|---|---|---|---|---|
| 20-30 | belangrik | kritiek | kritiek | opsioneel |
| 30-50 | kritiek | kritiek | kritiek | kritiek |
| 50-60 | belangrik | kritiek | belangrik | kritiek |
| 60-70 | opsioneel | opsioneel | opsioneel | kritiek |
| 70+ | opsioneel | n.v.t. | opsioneel | kritiek |

## Praat met jou finansiële adviseur

Raadpleeg jou finansiële adviseur voordat jy in risikobeskermingsprodukte belê of dit koop.Jou finansiële adviseur sal jou help om 'n finansiële plan op te stel en sal jou adviseer in die kies van produkte en portefeuljes wat geskik is vir jou.

## Kry meer inligting aanlyn

Vir inligting oor **Liberty Life-**produkte, besoek: www.liberty.co.za | Risk Products.